



Toegewy aan Gehaltesorg

MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK

Reg. No. 1983/010725/06

Aandeelkode: MDC

ISIN-kode: ZAE000004370

("Medi-Clinic" – Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)

WINSAANKONDIGING

Geouditeerde resultate van Medi-Clinic Korporasie Beperk en sy filiale vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2005

HOOGTEPUNTE

- Groei in inkomste: 11%
- Wesensverdienste per aandeel groei: 13%
- Verdeling per aandeel styg: 13%

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT			
	2005 R'000	Styging %	2004 R'000
Inkomste	4,039,907	11	3,642,763
Koste van verkope	(2,236,117)		(2,046,544)
Administrasie- en ander bedryfskoste	(981,088)		(873,791)
Bedryfswins	822,702	14	722,428
Dividende	1,705		–
Rente ontvang	57,051		45,618
Inkomste vanaf geassosieerdes	24,776		17,331
Wins met verkoop van toerusting	667		514
Vergoeding vir beëindiging van ooreenkomste	50,000		–
Klandisiewaarde	(2,913)		(2,969)
Waardevermindering	(109,886)		(101,018)
Finansieringskoste	(29,450)		(31,349)
Netto wins voor belasting	814,652		650,555
Belasting	210,673		174,008
Netto wins na belasting	603,979		476,547
Minderheidsbelange	64,903		37,507
Toeskryfbare verdienste	539,076		439,040
Wesensverdiens-te-rekonsiliasie:			
Toeskryfbare verdienste	539,076		439,040
Klandisiewaarde	2,913		2,969
Wins met verkoop van toerusting	(667)		(514)
Na-belaste vergoeding vir beëindiging van ooreenkomste	(42,500)		–
Toeskryfbare wesensverdiens-te	498,822	13	441,495
Wesensverdiens-te per gewone aandeel – sent	145.7	13	129.5
Verdiens-te per gewone aandeel – sent	157.5		128.8
Verdeling per gewone aandeel – sent			
Tussentyds – kapitaalverdeling	13.3		11.9
Finaal	31.7		28.1
Kapitaalverdeling	12.9		28.1
Dividend	18.8		–
	45.0	13	40.0

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT		
	2005 R'000	2004 R'000
Bates		
Nie-bedryfsbates	2,203,879	2,082,900
Eiendom, aanleg en toerusting	1,935,843	1,846,126
Ontasbare bates	48,144	47,874
Beleggings – ongenoteerd	113,856	102,631
Uitgestelde belasting	106,036	86,269
Bedryfsbates	1,510,170	1,134,151
Voorraad	136,434	137,846
Debiteure en vooruitbetalings	525,211	545,237
Kontantmiddele	848,525	451,068
Totale bates	3,714,049	3,217,051
Ekwiteit en aanspreeklikhede		
Aandelekapitaal en reserwes	2,654,753	2,245,832
Minderheidsbelange	230,592	199,700
Langtermyn rentedraende skuld	159,214	167,803
Korttermyn rentedraende skuld	80,362	74,317
Rentevrye skuld en voorsienings	589,128	529,399
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	3,714,049	3,217,051
Aantal gewone aandele ('000)	343,618	341,715
Geweegde aantal gewone aandele ('000)	342,368	340,840
Netto batewaarde per gewone aandeel – sent	773	657
Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings	153,332	144,844

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT		
	2005 R'000	2004 R'000
Openingsaldo	2,242,033	1,917,276
Vorige jaar aansuiwering	3,799	3,799
Verdeel aan aandeelhouders	(141,594)	(119,841)
Netto wins vir die jaar	539,076	439,040
Beweging in aandele gehou in tesourie	11,439	5,558
	2,654,753	2,245,832

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT		
	2005 R'000	2004 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	582,078	484,802
Kontant deur bedrywighede voortgebring	920,827	818,903
Netto finansieringsinkomste	27,601	14,269
Dividende ontvang	1,705	–
Vergoeding vir beëindiging van ooreenkomste	50,000	–
Belasting betaal	(242,675)	(196,543)
Kontantverdelings aan minderhede	(33,786)	(31,986)
Kapitaalverdelings aan aandeelhouders	(141,594)	(119,841)
Kontantvloei uit beleggings-aktiwiteite	(176,408)	(324,943)
Kontantvloei uit finansierings-aktiwiteite	(8,213)	64,079
Netto beweging in kontantmiddele	397,457	223,938
Openingsaldo van kontantmiddele	451,068	227,130
Eindsaldo van kontantmiddele	848,525	451,068

KOMMENTAAR

Dit is aangenaam om verslag te doen dat die groep sy patroon van bestendige groei gedurende die oorsigjaar voortgesit het.

Finansiële oorsig

Inkomste, wat bestaan uit hospitaalgelde gehef, het gedurende die jaar onder oorsig met 11% tot R4 040 miljoen (2004: R3 643 miljoen) gegroei, terwyl bedryfswins voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (EBITDA) met 14% tot R823 miljoen (2004: R722 miljoen) toegeneem het. Wesensverdienste het met 13% tot R499 miljoen (R2004: R441 miljoen) gestyg, wat 'n verhoging van 13% in wesensverdienste per gewone aandeel tot 145,7 sent (2004: 129,5 sent) tot gevolg gehad het. Die totale uitkerings per gewone aandeel van 45,0 sent (2004: 40,0 sent) verteenwoordig 'n styging van 13%.

Bedryfs-oorsig

Die verhoging in bedkapasiteit met ongeveer 500 beddens na ongeveer 6 400 beddens as gevolg van die inbedryfstelling en verkryging van nuwe hospitale waaroor voorheen verslag gedoen is, moet in ag geneem word wanneer die resultate met die vorige jaar se resultate vergelyk word. Die huidige tydperk se resultate is gevolglik nie direk vergelykbaar met dié van die vorige jaar nie. Met uitsluiting van die verhoging in kapasiteit, het die groep se groei in omset 9% beloop.

Op 'n vergelykbare basis het die groep se toelatings en beddae verkoop onderskeidelik met 1,2% en 3,2% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in mediese gevalle. Die groep was suksesvol in sy pogings om die bekostigbaarheid van gesondheidsorgkoste te verbeter, waaroor later in die kommentaar uitgewei word. Dié pogings, in noue samewerking met ondersteunende geneeshere, het 'n wesenlike verlagnis in farmaseutiese prysstygings en in sommige gevalle 'n verlaging van koste in die farmaseutiese gebruiksaemstelling tot gevolg gehad. Hierdie tendens sal na verwagting voortduur.

Die groep se EBITDA-marge het van 19,8% tot 20,4% gestyg, hoofsaaklik as gevolg van voordele voortspruitend uit die integrasie en omkeer van die Curamed Groep in Pretoria. Ons is verheug om te rapporteer dat die planne en aksies wat geneem is om die aantreklikheid en winsgewendheid van dié stadshospitale te verbeter, sukses toon. Verskeie nuwe geneeshere het reeds hul praktyke by dié hospitale gevestig. Ons bemagtigingsvennote het 'n belangrike rol in die omkeer van Curamed gespeel. Die verhoogde bedrag van R64,9 miljoen (2004: R37,5 miljoen) wat aan minderheidsbelanghebbers toegeken is, is hoofsaaklik aan die verbeterde prestasie van die Curamed Groep toe te skryf. Met die ondersteuning van die geneeshere en personeel, is die handelsname van die Curamed hospitale suksesvol na Medi-Clinic hospitale gedurende die jaar verander.

Gesonde kontantvloei is gedurende die oorsigtydperk gehandhaaf, hoofsaaklik as gevolg van meer doelgerigte bedryfskapitaalbestuur. Die groep het 112% (2004: 113%) van EBITDA omskep in kontant uit bedryfsaktiwiteite voortgebring. Kontantmiddele het verhoog van R451 miljoen tot R849 miljoen, na die finansiering van netto kapitaalbesteding van R176 miljoen. Rentedraende skuld het van R242 miljoen tot R240 miljoen gedaal, wat tot 'n versterking in die skuld:ekwiteitsverhouding van 10% tot 8% gelei het. Die groep se gesonde kontantvloei beklemtoon steeds die gehalte van sy verdienste.

Kapitaalbesteding vir die oorsigtydperk het R200 miljoen (2004: R341 miljoen) beloop. Kapitaalverpligtinge (insluitende bedrae goedgekeur, maar nog nie uitgekontrakteer nie) beloop R526 miljoen (2004: R399 miljoen).

Verbintenis tot die Toekoms van Privaat en Openbare Gesondheidsorg in Suid-Afrika

Medi-Clinic het weer eens sy sterk verbintenis tot die toekoms van gesondheidsorg in Suid-Afrika getoon deur die beplande belegging van R60 miljoen in die Universiteit van Witwatersrand Donald Gordon Mediese Sentrum (WDGMS) met 'n bykomende R5 miljoen voorwaardelik aan die bereiking van geprojekteerde besittings. Medi-Clinic sal in ruil hiervoor 'n aandeel van 49,9% in dié hospitaal bekom. Benewens die bydrae van kapitaal, sal Medi-Clinic 'n bestuurskontrak hê om alle daaglikse bedryfs- en finansiële aspekte van die WDGMS effektief te bestuur. Die afhandeling van die kontrakuele besonderhede hang af van die uitslag van die noulettendheidsondersoek wat tans gedoen word en goedkeuring deur die regulatoriese owerhede.

Hierdie ontwikkeling verbeter die Universiteit van Witwatersrand ("Wits") se vermoë om ondersteuning aan die openbare sektor se gesondheidsorgdienste te lewer sonder dat enige regeringsubsidie nodig is. Hierdie betekenisvolle vennootskap met die openbare sektor is ontwerp om die opleiding van spesialiste en superspesialiste vir beide die openbare en privaat sektor te ondersteun en om die beste kliniese personeel aan die Johannesburgse akademiese hospitale beskikbaar te stel.

Die groep is gretig om die opleiding van spesialiste, van wie die

toekoms van hospitale in beide die openbare en privaat sektor afhang, te ondersteun en sal 'n gedeelte van sy wins wat gegenereer mag word in die akademiese aktiwiteite van die WDGMS herbeël. Hierdie stap bring ook groter verteenwoordiging van die Medi-Clinic netwerk in Johannesburg teweeg. Die groep sal die geleentheid hê om deel te neem aan akademiese aktiwiteite, soos die implementering van bewysgebaseerde behandelingsprotokolle wat deur kliniese kundiges in spesifieke spesialiteitsgebiede ontwikkel is.

Swart Ekonomiese Bemagtiging

Die groep het deurlopend sy ondersteuning vir die noodsaaklikheid van ekonomiese transformasie in Suid-Afrika gestel en beskou Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging ("BBSEB") as 'n strategiese geleentheid om die ekonomiese basis van ons land te versterk. 'n Kritiese suksesfaktor van die strategie word bevestig deur die opbou van kapitaal op alle vlakke van die samelewing wat menslike, sosiale, intellektuele en fisiese kapitaal insluit. Medi-Clinic se verbintenis tot volhoubare groei en vooruitgang in 'n demokratiese Suid-Afrika en die ligging van sy hospitale oor die land impliseer dat BBSEB-strategieë deur 'n breë spektrum van geleenthede ondersteun en aangemoedig kan word.

Phodiso Holdings het die belang van Mvelaphanda Strategic Investments in die Curamed Groep suksesvol verkry. Phodiso Holdings, tesame met ons langer termyn vennoot Nozala Investments, het merkbare waarde tot hierdie onderneming gevoeg, veral in die bou van verhoudings, transformasie en op bedryfslak. Hul kapitaal akkumulase het terselfdertyd winnig toegeneem en ons is optimisties oor hul toekomstige positiewe bydrae.

In 'n verdere transaksie het Phodisclinics (Edms) Bpk, 'n gesamentlike ondernemingsmaatskappy waarvan Medi-Clinic 51% en Phodiso 49% besit, 'n aanbod aan die Protector Groep (in likwidasië) vir die verkryging van die vier hospitale met ongeveer 200 beddens gemaak. Die groep bestaan uit die Medivaal-Mediese Sentrum (Vanderbijlpark), Kathu Privaat Hospitaal (Kathu), Maropong Hospitaal (Lepalele) en die Kingsley Hospitaal (Pretoria). Die aanbod is in Desember 2004 deur die likwidateur aanvaar, onderhewig aan sekere opskortende voorwaardes, onder merke die goedkeuring van die regulatoriese owerhede. Die opskortende voorwaardes is in die proses van nakoming.

Verdere gesprekkevoering om die beginsels van BBSEB binne Medi-Clinic te versterk vind tans plaas en sal teen die einde van die jaar afgehandel word. Medi-Clinic ondersteun die beginsel van 'n Gesondheidsorghandves en werk aktief saam met die Privaat Gesondheidsorg Forum en die Hospitaalvereniging van Suid-Afrika om die handves te vestig.

Medi-Clinic is trots om werktuiglik in die stigting van Bidco te gewees het, wat suksesvol in die verkryging van 'n beherende aandeel in Afrox Health was. Die besluit om te onttrek is geneem toe nuwe befondsingsopsies beskikbaar geword het. Dit het Brimstone en Mvelaphande in staat gestel het om op hul eie met die transaksie voort te gaan. Bidco het 'n bedrag van R50 miljoen aan Medi-Clinic betaal as vergoeding vir die afstanddoening van sy reg op deelname aan die transaksie.

Bekostigbaarheid van Gesondheidsorg

Bekostigbaarheid bly 'n kritiese aangeleentheid in die gesondheidsorgbedryf.

Die groep ondersteun die Departement van Gesondheid in hul pogings om die prysbepaling van medisyne en geskeduleerde medisyne meer deursigtig te maak. Soos na veruys in vorige verslae, het die groep sedert Januarie 2003, bykans 18 maande voor die nuwe farmaseutiese prysbepalingsregulasies in werking getree het, 'n volkome deursigtige prysbepalingstelsel met Discovery Health in plek gehad. Die omvang hiervan was nie beperk tot medisyne en geskeduleerde middels, maar het ook chirurgiese verbruiksgoedere ingesluit wat die grootste deel van 'n deursnee privaat hospitaalrekening vorm. Dit het die groep in staat gestel om te fokus op farmaseutiese items as koste-items en nie as 'n bydraer van inkomste nie, met groot besparings vir mediese skemas oor die lang termyn en behoort as voordelig vir die groep beskou word aangesien dit die bekostigbaarheid van gesondheidsorg verbeter.

Hierdie volkome deursigtige prysbepalingstelsel is aan alle mediese skemas aangebied. Alhoewel dit uitdagend was, het ons geslaag om 'n kosteneutrale verandering met bykans al die skemas te onderhandel.

Veranderinge aan die Raad van Direkteure

Dr P J A Mphahudi het met effek van 9 Desember 2004 as nie-uitvoerende direkteur bedank.

Dr M A Ramphela is met effek van 17 Maart 2005 as nie-uitvoerende direkteur aangestel. Dr Ramphela was vise-kanselier van die Universiteit van Kaapstad, 'n besturende direkteur van die Wêreldbank en dien tans as voorsitter van Circle Capital Ventures. Buiten haar direkteurskap, word voorsien dat sy ook sekere konsultasiedienste aan die Maatskappy sal lewer.

VOORUITSIGTE

Die groep beplan om sy patroon van bestendige groei voort te sit gebaseer op die voldoening aan die mark se behoeftes, die verhoging van die gebruik en die uitbreiding van fasiliteite en dienste in sy kernvaardighede, tesame met verbeterings in doeltreffendheid.

Buiten hierdie interne gedrewe groeifokusareas, sal die regering se inisiatiewe wat daarop gemik is om die lidmaatskapbasis van mediese skemas te vergroot na verwagting 'n positiewe impak op groei in die industrie oor die langer termyn hê. Dit is egter nog te vroeg om die waarskynlike uitslag van dié inisiatiewe te voorspel. Ander fokusareas behels die implementering van ons BBSEB-strategie, die verskerping van ons ondersoek na betekenisvolle geleenthede in die buiteland en die ondersoek na alternatiewe gemik op die optimale benutting van die groep se kapitaalstruktuur in die kort- na langtermyn.

Die groep het die balans van die aandeelhouding in ER24 van Afrox Healthcare met effek van 1 April 2005 bekoms en sodoende die lewering van nooddienste aan die gemeenskap wat dit dien, versterk. Groot skaalse opgraderings by Morningside Medi-Clinic en Sandton Medi-Clinic wat elk sowat R100 miljoen behels, is aan die gang om dié hospitale se mededingendheid in hierdie besonder hoë inkomste gebied te versterk. Uitbreidings by Durbanville Medi-Clinic en Pietermaritzburg Medi-Clinic vind ook plaas, terwyl 'n projek by Nelspruit Medi-Clinic bestaande uit addisionele spreekkamers en die opgradering van die oorspronklike hospitaal aan die gang is. Roetine opgraderings duur voort by verskeie hospitale, terwyl strategiese opgraderings by die Pretoria hospitale in die beplanningfase is.

Die groep bly optimisties oor sy vooruitsigte vir die volgende finansiële jaar.

REKENINGKUNDIGE BELEID

Die jaarresultate is ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet en die Noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika opgestel. Die rekeningkundige beleid toegepas stem ooreen met dié van die

vorige finansiële tydperk, behalwe vir die implementering van die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, RE 140: Besigheidsamevoegings en RE 501: Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM), wat nou toegepas is.

OORSIG DEUR ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Die resultate is deur die maatskappy se ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing., Stellenbosch geouditeer en 'n

afskrif van hul ongekwalifiseerde verslag is by die geregistreerde kantore van die maatskappy ter insae beskikbaar.

VERDELINGS AAN AANDEELHOERS

Die direksie het 'n kapitaalverdeling van 12,9 sent per gewone aandeel verklaar, wat uit die aandeelpremie betaalbaar is, sowel as 'n dividend van 18,8 sent per gewone aandeel, wat 'n finale verdeling van altesaam 31,7 sent per gewone aandeel tot gevolg het.

Die volgende datums is ooreenkomstig STRATE se vereistes van toepassing:

Laaste datum van verhandeling cum verdeling
Eerste datum van verhandeling ex verdeling
Rekorddatum
Betaaldatum

Vrydag, 17 Junie 2005
Maandag, 20 Junie 2005
Vrydag, 24 Junie 2005
Maandag, 27 Junie 2005

Aandeelsertifikaat kan nie vanaf Maandag, 20 Junie 2005 tot Vrydag, 24 Junie 2005, beide dae ingesluit, gedematerialiseer/ gehermaterialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure:

E DE LA H HERTZOG
Voorsitter

L J ALBERTS
Besturende direkteur

Stellenbosch, 11 Mei 2005

DIREKTEURE: E de la H Hertzog (Voorsitter), L J Alberts (Besturende), W E Bührmann, S Dakile-Hlongwane, W P Esterhuysen, J du T Marais, A R Martin, D P Meintjes, A A Raath, M A Ramphela, J G Swiegers, C I Tingle, W L van der Merwe
SEKRETARIS: G C Hattingh
GEREGISTREERDE ADRES: Medi-Clinic Offices, Strandstraat, Stellenbosch 7600, Posbus 456, Stellenbosch 7599, Faks (021) 886-4037, Tel (021) 809-6500
INTERNET: <http://www.mediclinic.co.za> E-POS: medimai@mediclinic.co.za BORG: Rand Aksepbank, 'n divisie van FirstRand Bank Beperk, Korporatiewe Finansiering
OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services 2004 (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001, Posbus 61051, Marshalltown 2107, Faks (011) 688-7716, Tel (011) 370-7700

